

**Surrealisties teen die kolonialisme: twee verhale van Jan Rabie en Harry Mulisch uit die 1950's – Andries Visagie ([agvisagie@sun.ac.za](mailto:agvisagie@sun.ac.za))**

*[Donderdag, 25 Augustus, 12:30-13:00]*

In 1956 verskyn Jan Rabie se bekende verhaal “Die man met die swaar been” in sy debuut Een-en-twintig en een jaar later publiseer Harry Mulisch “Wat gebeurde er met sergeant Massuro?” in De versierde mens. Beide verhale lewer kritiek op die koloniale oorloë waarby Europese moondhede (Frankryk en Nederland) in die jare vyftig van die vorige eeu in Suidoos-Asië betrokke was. In beide verhale is dit verder die surrealistiese gegewe van liggaamlike gewig (onderskeidelik ’n swaar been en ’n soldaat wat versteen) wat die krisispunte in die vertellings belig.

In Rabie se verhaal stort Jean Thomas, ’n oudsoldaat in Frankryk se koloniale oorlog in Indochina, neer teen die relings van die Luksemburgtuine in Parys. Die omstanders blyk terughoudend te reageer in hulle hulpverlening aan Thomas as veteraan van die Eerste Indochinese Oorlog van 1946 tot 1954 wat ook as die “Vuil Oorlog” bekend gestaan het. Een van die omstanders wat sy been as vashouplek vir die Jean Thomas aanbied, ervaar in die slot van die verhaal dat sy been onwerklik swaar geword het. In “Wat gebeurde er met sergeant Massuro?” is dit ’n Nederlandse soldaat in Nieu-Guinee wat op ekspedisie tydens die onafhanklikheidsoorlog in Nederlands Oos-Indië begin versteen. In Rabie se verhaal word die verwysings na oorlogvoering en koloniale ongeregtigheid redelik subtiel aangebied, maar Mulisch maak dit besonder duidelik dat die transformasie van sersant Massuro met oorlog oor die algemeen en spesifiek met die onderdrukking van die gekoloniseerde bevolking in Nederlands Oos-Indië verband hou.

Hierdie vergelykende studie is ’n ondersoek na die literêre klimaat waarbinne die verhale van Rabie en Mulisch ontstaan het en daar word besin oor die moontlikheid van literêre invloede by die twee skrywers. Die moontlike rol van die eksistensialistiese skrywers Jean-Paul Sartre en veral Albert Camus ontvang besondere aandag.